INTERNASIONALE DOEANE DAG 2018

Kaapstad, 26 Januarie 2018 – Doeane organisasies wêreldwyd het vandag hulde gebring aan die mans en vroue wat ons grense beskerm en help om handel te fasiliteer. Internasionale Doeane Dag (ICD) word elke jaar op 26 Januarie gehou wat die dag is waarop die Doeane Samewerkingsraad (CCC) in 1953 hul eerste sitting gehou het.

Die tema vir Internasionale Doeane Dag 2018, wat deur die Wêreld Doeane Organisasie (WCO) gekies word, is "'n Veilige sake-omgewing vir ekonomiese ontwikkeling".

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het sy been van die program aangebied by die nuut opgeknapte staatspakhuis in Kaapstad, met Kommissaris, Mnr. Tom Moyane, wat die programrede gelewer het.

"Hierdie jaar se tema is daarop gemik om die behoefte uit te lig vir elkeen van ons om 'n omgewing te verseker wat besighede, as enjins van die ekonomie, in staat stel om meer deel te neem aan en voordeel te trek uit internasionale handeldryf," het die kommissaris gesê.

"Doeane kan bydra tot 'n bemagtigende omgewing deur stabiliteit en voorspelbaarheid te verseker, deur prosedures te vereenvoudig, korrupsie aan te spreek, integriteit te verhoog en fasilitering van beweging te verseker."

"Doeane kan bydra tot 'n veilige omgewing deur te doen wat van dit verwag word om 'n beveiligde voorsieningsketting te verseker, deur sy kapasiteit, om onwettige en skadelike handeldryf te verbied, te verhoog en om aktiwiteite soos die onwettige befondsing van misdaad en terreur, deur middel van handeldryf, teen te werk."

"En Doeane kan bydra tot 'n regverdige en volhoubare omgewing deur konsekwent te wees en aktiwiteite, soos intellektuele eiendoms-oortredings, smokkelary om die betaling van heffings te vermy en die doelbewuste onderverklaring van die waarde en oorsprong van goedere, onder hande te neem", het hy gesê.

Hy het bygevoeg dat die organisasie daarna sal strewe om te verseker dat hulle voortdurend as 'n wêreldklas Doeane-diens erken word en dat hulle bydra tot die verbetering van Suid-Afrika se handel- en ekonomiese mededingendheid. Maatstawe soos die Wêreld Bank se

Logistieke Prestasie-indeks erken reeds Suid-Afrika se doeltreffendheid in hierdie verband, en SARS sal strewe om dit te verbeter, het hy gesê.

“Ek glo dat dit bereik sal word deur ons pogings tot verbeterde dienslewering, gehaltebestuur, belegging in ons mense, ontwikkeling van ons leierskap en vennootskappe met ons belanghebbendes.”

Hy het bygevoeg: “As uitvoerende leierskap van SARS, vier ons die WCO en neem sy tema aan. Ons sal aanhou om die doelwit te bevorder van die skepping van ‘n bemagtigende en veilige omgewing, sodat besighede uit internasionale handeldryf kan voordeel trek.”

Hoofbeampte van Doeane en Aksyns, Mnr. Jed Michaletos, het gepraat oor die intreding van die nuwe Doeane-wetgewing deur die Nuwe Doeane Wette Program (NCAP) en het gesê dat dit by verre die grootste projek tans in SARS is, met die implementeringsplan wat tot en met 2025 strek. “Sodra al die nuwe wette ingetree het, sal dit, in beginsel, die manier verander waarop ons besigheid doen in SARS.”

Hy het ook verduidelik dat die opknapping van Kaapstad se staatspakhuis, wat die eerste van vele in die land was, deel gevorm het van Doeane se oorhoofse strategiese prioriteite vir die jaar. Hy het gesê dat hulle baie trots is op van die veranderinge wat hulle in werking gestel het, insluitend strenger sekuriteitsprosesse en ‘n nuwe opgegradeerde interne inligtingsbestuurstelsel wat alle goedere wat die pakhuis binnekom of uitgaan kan naspoor.

“Dit sal ons in staat stel om onwettige en nagemaakte goedere, wat bydra tot die onwettige ekonomie en verlies aan inkomste vir die staat, beslissend te hanteer.”

*Die CCC het die werkende naam, Wêreld Doeane Organisasie (WCO), in 1994 aangeneem. Die dag word elke dag gevier rondom ‘n tema wat deur die WCO-sekretariaat gekies word en aan al 180 WCO-lede gekommunikeer word.